



**Skrifgedeelte: Job 17:1-16**  
**Fokusgedeelte: Job 17:13, 15**

Sedert hoofstuk 4, toe Elifas begin praat het, het Job nog 'n paar maal gepraat, asook Elifas en twee ander vriende van Job. As vriende het hulle nie sukses gehad om Job te troos nie. In vers 17:4 sê Job dan ook dat hulle redelose dinge gesê het. Job voel nog net so moedeloos en sonder hoop. Hy voel gedaan, so asof dit die einde van sy aardse lewe is (vs 1, 11).

Sy vriende kon hom nie bemoedig nie. Om na ander mense vir hulp te kyk, is ook nie moontlik nie. Job ervaar dit dat die ander mense met hom spot en hom beledig (vs 6). Sy vriende is 'n mislukking en die ander mense is 'n bedreiging. Kyk hy na homself, sien hy net 'n skaduwee (vs 7). Daarom oorweeg hy ontvlugting, soos om sy hoop op die dood te vestig. Met allerlei vrae wonder Job of die dood nie vir hom uitkoms en rus sal bring nie.

Met al die vrae of die dood dalk vir hom hoop inhou, het Job al 'n antwoord gegee. Hy het dit vroeër in vers 3 gedoen toe hy nie na sy vriende, na ander mense of na homself om hulp gekyk het

nie, maar na God! In vers 3 roep Job na God om uitkoms en genade. Die dood is ontvlugting uit jou seer en pyn, maar om tot God te bid, al het jy nie baie woorde nie, is uitkoms in jou seer en pyn. Op sy tyd en op sy manier gee Hy dié wat moeg is, weer nuwe krag. Hy tel op en laat jou oë weer ver kyk. Hy maak jou voete soos dié van 'n ribbok – Hy gee weer hoogte en uitsig. Hy is naby elkeen wat in die stof lê.

So is Hy, die God wat graag neerbuk en help. Hy het dan sy Seun na hierdie wêreld vol sonde en seer gestuur om vir ons lewende hoop te gee – 'n vasgryp aan en 'n verwagting van 'n dag wanneer God al die trane van jou oë vir altyd sal afvee.

**Waar in anker my hoop?  
Nie in ontvlugting nie!**



Publikasie  
Publication



Nr./No.: P24